

Wayde lag-lag deur tot halfeind

Wim Pretorius

Die Suid-Afrikaanse blitse Wayde van Niekerk en Akani Simbine het albei gisteraand hul plekke in die halfeindronde van die 200 m bespreek, maar vir die jong Clarence Munyai was daar groot hartseer.

Van Niekerk, wat Sondag ook aan die halfeindronde van die 400 m deelgeneem het, het nooit nodig gehad om na tweede rat oor te skakel tydens sy uitdun nie, terwyl die res geswoeg het om by te bly het hy vroeg-vroeg al begin draf. Hy was baas in 20.16 sek. met heelwat oor in die tenk.

Brittanje se Daniel Talbot het dieselfde tyd gehardloop, 'n persoonlike beste vir hom, met 'n duisendste van 'n sekonde wat hulle geskei het.


Van Niekerk het breed geglimlag terwyl hy die wenstreep oorgesteek het. Dié oud-leerling van Grey-kollege in Bloemfontein het in Junie die tweede vinnigste tyd van die jaar in die 200 gehardloop (19.84 sek.).

Isaac Makwala van Botswana, wat die voorste tyd vanjaar hou met 19.77 sek. het hom onttrek aan dié item. Die mediapersoon van die Diamantliga-reeks se Sjanghai-been, Joan Avé, het op Twitter gesê die mediese personeel wou hom nie toelaat om deel te neem nie.

Of dié sy deelname aan vanaand se 400 m-eindronde sal beïnvloed, is nog 'n ope vraag. As Makwala nie daarvoor aantree nie, sal dié 'n groot rots uit Van Niekerk se pad rol. Makwala het die derde vinnigste tyd (43.84) van 2017 gehardloop.

Van Niekerk sal steeds die gunsteling wees, met die Olimpiese kampioen en wêreldrekordhouer wat in Julie 43.62 sek. in Lausanne, Switserland tydens die Diamantliga-byeenkoms gehardloop het.

Simbine, wat sy vyfde plek



Wayde van Niekerk en Daniel Talbot van Brittanje skud blad nadat hulle die wenstreep so te sê gelyktydig oorgesteek het tydens die 200 m-uitdunne.

Foto: GETTY IMAGES

op die Olimpiese Spele in die 100 m Saterdagmiddag herhaal het, het ook gemaklik deurgedring in 20.26 sek. toe hy tweede in sy uitdun geëindig het.

Hy sal hoop vir 'n plek in die eindronde en om op sy vertoning in die 100 m te verbeter waar hy in die eindronde 10.01 gehardloop het – heelwat buite sy beste kerf vanjaar van 9.92. Die VSA se Justin Gatlin het eindelijk gewen in 9.92.

Simbine spog met die vyfde

beste tyd in die wêreld vanjaar nadat hy 'n paar maande gelede 19.95 in Tuks se L.C. de Villiers-stadion gehol het.

Die 19-jarige Munyai, wat in Junie die wêreld se beste junior tyd ooit in die 300 m gehardloop het, het in 20.19 sek. derde geëindig in sy uitdun, maar is kort daarna meegedeel dat hy gediskwalifiseer is omdat hy op die lyn getrap het.

Verder het Yohan Blake van Jamaika ook 'n waarskuwing

uitgestuur deur sy uitdun met die grootste gemak te wen in 20.39 sek., terwyl Jereem Richards van Trinidad en Tobago ook uitstekend gelyk het in sy uitdun, wat hy in 20.05 sek. gewen het.

Vanaand sal die wêreld weer regop sit om te kyk of Van Niekerk op sy wêreldrekord kan verbeter in die 400-eindronde, hoewel die weer die laaste sê kan hê met reën en koel toestande wat voorspel word.